

DIREK AAN JOU | GEREELD

# Die hede is só verouderd...

Skrywer: Prof John Powell

Publikasie: USB Agenda

Datum: April 2013

**D**aar is op die oomblik 'n groot gewroeg en baie selfondersoek in die Suid-Afrikaanse bestuurskoolgemeenskap aan die gang. Die nasionale owerheid vir hoër onderwys is besig om die toelatingsvereistes vir MBA's te verbreed sodat skole 'n 'professionele meestersgraad' met 'n kleiner navorsingskomponent kan aanbied. Die aanvaarde wysheid is dat 'n MBA minder moet doen ten opsigte van navorsing, wat meer tyd toelaat vir 'toegepaste kennis'.

Ek is nie seker wat my standpunt hieroor is nie. Een oomblik dink ek dit is uiterste onsin, die volgende oomblik dink ek dit is pure kaf.

Moet my nie verkeerd verstaan nie, ek stry nie teen die veranderinge aan die MBA nie. Dit is broodnodig. My probleem is met die idee dat navorsingsvaardighede in 'n MBA op een of ander manier nie so 'belangrik soos kontemporêre kennis' is nie. Dit is bloot onsinnig. Die kontemporêre kennis wat jy opdoen, sal natuurlik help dat jy daardie eerste werk kry. Maar oor slegs 'n paar jaar is dit verouderd. Dít is waarom min van die voorste bestuurskonsultasiefirmas mense op grond van die MBA werf. Hulle soek eersteklas akademiese prestasies in vakke soos Filosofie, Politieke Wetenskap, Ekonomie en Wiskunde. En dit is omdat hulle weet dat die intellektuele vaardighede wat tydens die instudering van hierdie vakke aangeleer word, die kontemporêre kennis van beroepsgrade oortref. Hierdie vaardighede word nie uitgeput nie.

Bestuurskole het die afgelope twee dekades van 'n vakgebaseerde sillabus na 'geïntegreerde studie' beweeg waar studente interaksie tussen byvoorbeeld Bemaking en Finansies, of Strategie en Menslike Hulpbronne verken. Dít is noodsaaklik om te kan verstaan hoe 'n onderneming werk.

Maar dit is nie genoeg nie.

Senior sakelui, direkteure en uitvoerende hoofde is ontevrede met die algemene uitsette van MBA-programme. Wat hulle sê, is interessant. Dit blyk dat wanneer MBA-gegraduateerdes in hul eerste poste is, alles goed verloop. Maar wanneer hulle meer senior poste net onder direksievlak kry, het hulle nie die vermoë om aan besluitneming op direksievlak deel te neem nie. Dit is 'n bekommernis. Vir firmas én MBA-gegraduateerdes.

As 'n opvoeder is die antwoord eenvoudig, en dit is natuurlik die presiese teenoorgestelde van die argument dat navorsing (en dus ook ander kritieke studies) afgeskaal moet word. Navorsing, redenering, verdediging en die ander intellektuele vaardighede is alles behalwe 'n oorlas in 'n MBA, dit is **DEURSLAGGEWEND** vir vordering tot op senior vlak.

'n Kollega het onlangs gesê: “*Ons kan nou iets **regtig** vindingryk met ons MBA doen, soos gemeenskaplike modules met ander meestersgrade*”. Nee. Laat ons iets doen wat werklik vindingryk is, soos om sakelui te leer om te dink, te argumenteer en te ondersoek, asook om 'n balansstaat op te stel en om 'n bemarkingsplan saam te stel wat net so slim soos Google s'n is. Dit blyk asof niemand anders dit doen nie. Die USB is op 'n goeie plek om dit te kan doen. Suid-Afrikaanse bestuurskole moenie toelaat dat hulle deur 'n 20 jaar oue agenda van eietydsheid en 'toegepaste kennis' vasgevang word nie. Ons het denkvaardighede vir die toekoms nodig.

Die hede is só verouderd.

• *Prof John Powell is die direkteur van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool.*

Enige kommentaar oor hierdie artikel? Om kommentaar te lewer, [klik hier](#) of gaan na die USB se ThoughtPrint-webwerf.